Leef Nuut!

NUWE LEWE KOM VAN GOD



1 PETRUS

STAP MET GOD SE KINDERS DEUR SY WOORD

INHOUD

	Bl No
Inleiding	5
SOAP Bybelstudie Metode	7
Week 1: Nuwe lewe kom van God	
Persoonlike Studie	11
Groepbespreking	14
Week 2: Leef naby God	
Persoonlike Studie	21
Groepbespreking	24
Week 3: Leef uit die Woord	
Persoonlike Studie	31
Groepbespreking	34
Week 4: Leef as God se uitverkore volk	
Persoonlike Studie	41
Groepbespreking	44

	Bl No
Week 5: Leef en dink nuut	
Persoonlike Studie	51
Groepbespreking	55
Week 6: Leef nuut in die werksplek	
Persoonlike Studie	61
Groepbespreking	64
Week 7: Leef nuut in jou huwelik	
Persoonlike Studie	71
Groepbespreking	74
Week 8: Leef nuut te midde van swaarkry	
Persoonlike Studie	81
Groepbespreking	84
Week 9: Leef soos God wil hê	
Persoonlike Studie	91
Groepbespreking	94
Geheueverse	99
Bronne	103

INLEIDING

Petrus, waarskynlik een van Jesus se bekendste dissipels, was 'n visserman. Hy is oorspronklik aan Jesus voorgestel deur sy broer Andreas, wat 'n volgeling van Johannes die Doper was. Hy was altyd bekend daarvoor dat hy voortvarend en uitgesproke was, 'n eienskap wat hom soms in die moeilikheid laat beland het. Petrus is ook soms die “ongeletterde” visserman genoem, maar geen mens wat drie jaar deur Jesus onderrig is, kan ongeletterd genoem word nie. Die Briewe van Petrus bevestig dit.

In sy boek, Unlocking the Bible, sê David Pawson: *Perhaps the most moving moment in Peter’s life came after he denied Jesus three times before Jesus’ crucifixion, and then met Him on the shores of Galilee after the resurrection. Jesus did not say to Peter that He cannot use him anymore. No, He actually said: “Peter, I can cope with you, provided that I am sure of one thing. Do you love me?” Jesus asked Peter the same question 3 times, and it somehow put Peter’s life back on track.*

Petrus het 'n evangelis en prediker geword - maar wanneer hy hierdie brief aan die kerke in Klein-Asië skryf, stel hy homself bloot as 'n apostel voor. Hy wou hê die

lesers moet verstaan dat die boodskap nie sy eie is nie, maar 'n boodskap van God.

Baie van die eerste-eeuse volgelinge van Christus het gely en is mishandel en vervolg omdat hulle in Jesus geglo en hom gehoorsaam het. Die vervolging het in Jerusalem begin aan die hande van hulle Joodse broers en na die res van die wêreld versprei - waar Christene ook al bymekaargekom het. Dit het 'n hoogtepunt bereik toe die Romeinse ryk besluit het om van die "Christus-mense" ontslae te raak - diegene wat nie voor die keiser wou buig nie.

Petrus het vervolging eerstehands ervaar. Hy is geslaan en tronk toe gestuur en is dikwels gedreig. Hy het mede-Christene sien sterf en die kerk sien verstrooi. Maar hy het Christus geken, en niks kon sy vertroue in sy opgestane Here skud nie. So het Petrus aan die “verspreides” en lydende kerk geskryf om geloof, troos en hoop te gee en volgehoue lojaliteit aan Christus aan te spoor.

Mag hierdie studie jou versterk deur die wete dat 'n Nuwe Lewe in Christus moontlik is vir almal wat glo.

Soli Deo Gloria

DIE *SOAP* BYBELSTUDIE METODE

Hierdie metode van Bybelstudie is baie eenvoudig – waar die leser net op God en die Heilige Gees staatmaak. Jy kan dit in soveel of so min tyd doen as wat jy het - kies net 'n korter of 'n langer gedeelte en spandeer meer of minder tyd aan waarneming (observasie) en toepassing (aksie).

SOAP is ‘n akroniem vir:

- lees ‘n Skrifgedeelte,
- luister na wat God vir jou wil sê deur die Skrifgedeelte,
- dink na oor hoe jy enige Bybelse waarhede wat jy daar vind in jou lewe kan inneem, en
- praat met Vader oor wat jy geleer het.

Alhoewel jy hierdie tipe Bybelstudie met 'n studiebybel kan doen, vereis hierdie metode geen kommentare, geen konkordansies en geen navorsing nie. Geen navorsing van buite beteken dat jy meer staatmaak op jou persoonlike verhouding met God, en jy kweek jou vermoë om na daardie stil, sagte stem van Sy Gees te luister.

Hierdie metode werk deur die regte vrae te vra, wat elkeen met die letters van die akroniem SOAP begin:

Skriflesing - Lees die Skrif en skryf die sinne, frases en woorde neer wat vir jou uitstaan.

Observeer (Waarneming) - Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word? Wat het jy interessant gevind omtrent die Skrif? Wat het jy geleer?

Aksie (Toepassing) - Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?

Praat met Vader (Gebed) - Gebaseer op wat jy geleer het, praat met God daaroor in gebed.

Om jou te help met voorbereiding vir die weeklikse kleingroepbyeenkomste, gee ons elke week vir jou aanvullende verduidelikende Skrifgedeeltes om te lees. Ons gee ook die sleutelwoorde om jou te help om die SOAP Bybelstudie metode te gebruik. Ons vertrou dat hierdie 'n reis sal wees wat jou lewe sal verryk en jou sal help om die Bybel beter te verstaan.

Week 1

Nuwe lewe kom van God

Geheuevers:

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.

1 Petrus 1:3-4

PERSOONLIKE STUDIE

Lees 1 Petrus 1:1-9 as ‘n eenheid

- Gebruik die SOAP beginsel hieronder om jou te help om beter te verstaan wat die rede vir hierdie brief is en aan wie dit gerig is.
- Vergelyk ander Bybelvertalings met jou keuse van vertaling

Skrif: (Lees die Skrif en skryf die sinne, frases en woorde neer wat vir jou uitstaan.)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word?

Wat het jy interessant gevind omtrent die Skrif? Wat het jy geleer?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

_____
_____
_____
_____
_____

Praat met Vader (Gebaseer op jou nadenke oor die gedeelte, praat met God in gebed.)

_____
_____
_____
_____
_____
_____

AANVULLENDE SKRIFVERWYSINGS

Lees ook die volgende Skrifgedeeltes en gebruik elke keer die SOAP-metode. Dit kan dalk help as jy 'n notaboek kry om aantekeninge te maak van wat jy uit die Woord van God geleer het.

- 1 Petrus 1:1-9
- Romeine 6:1-14
- Romeine 8:18-25
- Jakobus 1:2-4
- Efesiërs 4:17-24
- Kolossense 3:5-17

Bykomende notas:

- Soek en maak 'n lys van enige eienskappe van God die Vader, Jesus en die Heilige Gees.
- Herhalende woorde: Lys of merk woorde of konsepte wat aanhou verskyn. Jy behoort 'n hele paar te vind!
- Skryf in een of twee sinne 'n opsomming oor die hoofboodskap van week 1.

_____

_____

_____

_____

GROEP BESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.

1 Petrus 1:3-4

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Petrus 1:1-9

Inleidende Opmerkings:

As Christene vergeet ons dikwels (of aanvaar ons dalk as vanselfsprekend) presies wat Jesus deur Sy dood en opstanding namens ons bereik het. Hierdie eerste verse van 1 Petrus dien as herinnering van hoe kosbaar daardie verlossing was en steeds is. Dit is moontlik dat Petrus se lesers nodig gehad het om weer herinner te word.

Dit is waarskynlik dat hul aanvanklike opgewondenheid en blydskap oor bekering nou plek gemaak het vir skok, frustrasie, verwarring en selfs 'n gebrek aan geloof, aangesien dinge waarskynlik vir hulle erger is sedert hulle na Christus toe gekom het. Daarom herinner Petrus sy lesers aan hulle spesiale status in God, 'n status wat nie eers die profete van ouds verstaan het nie, maar wat nou van toepassing is op alle gelowiges.

Besprekingsvrae

Lees 1 Petrus 1:1-2. Wat is die identiteit van God se volk? Wat beteken dit vir jou?

_____

_____

1 Petrus 1:3 begin deur te sê dat Christene wedergebore is. Hoe gebeur dit volgens hierdie vers en wat beteken dit

om "wedergebore" te wees, om die nuwe lewe van God te hê?

_____

_____

Verse 3 en 4 dui daarop dat ons gebore is tot 'n "lewende hoop" en "'n erfenis". Wat is ons lewende hoop? Waarom word dit 'n "lewende" hoop genoem? Wat het hierdie hoop moontlik gemaak?

_____

_____

Watter woorde word gebruik om die erfenis te beskryf? Wat kommunikeer daardie woorde aan jou oor jou verlossing en hoe moet dit jou geloof en vertroue in God beïnvloed?

_____

_____

Lees 1 Petrus 1: 6-9. Wat openbaar verse 6-9 oor die situasie waarmee die Christene te kampe het wat hierdie brief hoor? Hoe kan Petrus se raad aan sy lesers jou help in jou moeilike omstandighede?

_____

_____

Eerder as om hul situasies negatief te beskou, sê Petrus daar ontstaan geleenthede (daar is ten minste 2) uit swaarkry en lyding? Lys hulle en bespreek.

_____

_____

Is jou vreugde en liefde gebaseer op geloof of wat jy sien? Verduidelik. (Dink daaraan: Hoe kan jy iemand liefhê wat jy nie gesien het nie?)

_____

Slotopmerkings

In 2 Korintiërs 5:17 lees ons: *Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.* Nuwe lewe gaan nie daaroor om besluite te neem om harder te probeer of om 'n beter lewe te lei nie. Nuwe lewe kom van God, deur Jesus Christus.

God was nie net die vuilgoed af en trek vir 'n mens nuwe klere aan nie. Nee, Hy verander hom heeltemal van binne na buite – maak van hom 'n splinternuwe mens. Die agent vir hierdie verandering is Jesus Christus. Dit is slegs deur Jesus dat hierdie dramatiese transformasie plaasvind. God versoen ons met Homself deur Jesus Christus en gee ons nuwe lewe.

Sluit in gebed

Week 2

Lewe naby God

Geheuevers:

Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is Heilig."

1 Petrus 1:15-16

PERSOONLIKE STUDIE

Lees 1 Petrus 1:10-25.

- Gebruik die SOAP beginsel hieronder om jou te help om beter te verstaan wat dit beteken om nuut te lewe, om naby God te lewe, om heilig te wees en wat dit beteken om verlos te wees van ‘n leë lewenswyse voor Christus.
- Vergelyk ander Bybelvertalings met jou keuse van vertaling.

Skrif: (Lees die Skrif en skryf die sinne, frases en woorde neer wat vir jou uitstaan.)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word? Wat het jy interessant gevind omtrent die Skrif? Wat het jy geleer?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Praat met Vader (Gebaseer op jou nadenke oor die gedeelte, praat met God in gebed.)

_____

_____
_____
_____
_____

AANVULLENDE SKRIFVERWYSINGS

Lees ook die volgende Skrifgedeeltes en gebruik elke keer die SOAP-metode. Gebruik jou notaboek vir aantekening oor wat jy uit die Woord van God geleer het.

- 1 Petrus 1:10-25 (weer)
- Levitikus 11:44-45
- Romeine 12:1-2
- Titus 2:11-15
- Galasiërs 5:19-26

Bykomende notas

- Soek duidelikheid. As jy 'n woord, vers of gedeelte teëkom wat jy nie verstaan nie, maak 'n aantekening daarvan en oorweeg dit om 'n bietjie meer navorsing te doen.
- Watter sleutelwoorde kom herhaaldelik voor? Skryf hulle neer en voeg hulle by jou lys van verlede week.

- Skryf in een of twee sinne 'n opsomming oor die hoofboodskap van week 2.

_____

_____

_____

_____

GROEP BESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is Heilig."

1 Petrus 1:15-16

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Petrus 1:10-25

Inleidende Opmerkings

Mense vind dikwels hul identiteit in wat hulle doen, waar hulle woon of met wie hulle assosieer. Hulle dink dat uiterlike assosiasies weerspieël wat mense van hulle dink. Die gelowige se Christelike identiteit is hoe God ons sien. Dit verteenwoordig wie ons werklik is, wie ons behoort te wees en hoe ons moet optree. Wanneer ons daardie identiteit laat insink, behoort dit ons manier van dink, praat en optrede te verander. Kortom, ons begin leef soos God bedoel het ons moet lewe. Hierdie identiteit is iets wat mettertyd ontwikkel, soos ons naby aan God leef.

Besprekingsvrae

Lees 1 Petrus 1:10-12. Petrus praat van die profete wat navraag doen en ywerig soek om iets te weet. Waaroor het hulle navraag gedoen? Wat het God aan hulle geopenbaar in hulle soeke?

_____

_____

Hoe moet die feit dat jy baie meer kennis as die profete het aangaande Christus en sy sending, jou benadering tot geloof en lewe deur daardie geloof verander?

_____

Lees 1 Petrus 1:13-16. In hierdie verse is daar nie minder as 5 opdragte nie. Lys die opdragte en gee 'n kort beskrywing van elke opdrag.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Bespreek wat hierdie opdragte vir jou beteken. Watter van hierdie opdragte moet jy die meeste aandag aan gee om in die praktyk toe te pas?

_____

_____

Lees 1 Petrus 1:17-21. Waarom sou geloof baie meer werd wees as goud of enige wêreldse rykdom?

_____

_____

Waardeur en waarvan is jy verlos? Wat beteken dit om "verlos" te wees?

_____

_____

Lees 1 Petrus 1:22-25. Hoekom is dit so moeilik om ander gelowiges vurig lief te hê? Wat verhinder jou van hierdie tipe radikale liefde? Wie het vandag hierdie tipe liefde die meeste van jou nodig?

_____

_____

Slotopmerkings

Die opdrag om heilig te lewe hang nie net in die lug nie. Ons moet heilig lewe, want God het ons sy kinders gemaak. Ons moet dus wys dat ons wedergebore kinders van God is. Dit kan nie andersom werk nie – ons sou nooit God se kinders wees as ons eers heilig moes wees nie.

Wanneer jy swaarkry en teëstand ervaar, is dit maklik om te dink dat God jou vergeet het. Maar onthou: God het jou deel gemaak van Sy verlossingsplan van ewigheid af, Hy het jou lief.

Sluit in gebed

Week 3

Leef uit die Woord

Geheuevers:

Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry. Julle het immers ondervind dat die Here goed is.

1 Petrus 2:2-3

PERSOONLIKE STUDIE

Lees 1 Petrus 2:1-3.

- Gebruik die SOAP beginsel hieronder om jou te help om beter te verstaan wat dit beteken om na die Woord van God te smag.
- Lees die Skrif met geduld en let goed op na die besonderhede.
- Vergelyk ander Bybelvertalings met jou keuse van vertaling.

Skrif: (Lees die Skrif en skryf die sinne, frases en woorde neer wat vir jou uitstaan.)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word? Wat het jy interessant gevind omtrent die Skrif? Wat het jy geleer?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____

Praat met Vader (Gebaseer op jou nadenke oor die gedeelte, praat met God in gebed.)

_____
_____
_____

AANVULLENDE SKRIFVERWYSINGS

Lees ook die volgende Skrifgedeeltes en gebruik elke keer die SOAP-metode. Gebruik jou notaboek vir aantekening oor wat jy uit die Woord van God geleer het.

- Deuteronomium 8:2-3 en Matteus 4:4
- Psalm 1:1-2
- Psalm 12:7
- Psalm 19:8-12
- Spreuke 1:7
- Spreuke 2:1-6
- Spreuke 30:5
- Handelinge 20:32
- 2 Timoteus 3:15-17

Bykomende Notas:

- Soek duidelikheid. As jy 'n woord, vers of gedeelte teëkom wat jy nie verstaan nie, maak 'n aantekening daarvan en oorweeg dit om 'n bietjie meer navorsing te doen.
- Skryf in een of twee sinne 'n opsomming oor die hoofboodskap van week 3.

_____

_____

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry. Julle het immers ondervind dat die Here goed is.

1 Petrus 2:2-3

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Petrus 2:1-3

Inleidende Opmerkings

Die wedergebore kind van God het 'n verantwoordelikheid of plig om geestelik te groei. Wanneer jy 'n wedergebore sondaar word, is jy steeds 'n geestelike baba. Net soos 'n gewone baba nie sal groei as hy/sy nie melk kry nie, so sal die wedergebore mens nie groei as hy/sy nie die regte geestelike voedsel kry nie. Die geestelike voedsel wat ons nodig het om te groei, is die Woord van God.

Besprekingsvrae

Lees 1 Petrus 2:1. Was jy al aan die ontvangkant van enige van hierdie lys van ondeugde? Beskryf.

_____

_____

_____

Watter een van hierdie ondeugde (indien enige) is op die oomblik jou grootste uitdaging? Wat doen jy om hierdie swakheid in jou lewe te oorkom?

_____

_____

Lees 1 Petrus 2:2. Waarom sou Petrus God se woord as “suiwer melk” beskryf? Hoe word hierdie “melk” met vers 2:1 verbind?

_____

_____

Hoeveel moet ons smag na die Woord? Hoekom dink jy gebruik Petrus die vergelyking van 'n baba wat na melk smag? Wat kan God se Woord vir ons doen?

_____

_____

Smag jy na die geestelike voedsel van die Woord? Wat is sommige dinge wat ons daarvan weerhou om die Woord te begeer soos ons moet?

_____

_____

Slotopmerkings

Niemand in die wêreld is te besig om die Bybel te lees nie. Die probleem is dat ons nie na die Woord smag soos 'n baba na melk smag nie. Stel jou voor hoe ontsteld en desperaat 'n babatjie sou raak na een dag sonder melk.

Wanneer dit by God se Woord kom, moet ons daarna smag soos 'n baba wat na melk smag.

Wanneer ons begin om God se Woord te lees en te gehoorsaam, sien ons dat dit waar is. Ons sien dat God is wie Hy sê. Ons geloof in Hom word stap vir stap verhoog en dit motiveer ons weer om terug te gaan vir meer.

Sluit in gebed

Week 4

Leef as God se uitverkore volk

Geheuevers:

Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkonding van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

1 Petrus 2: 9

PERSOONLIKE STUDIE

Lees 1 Petrus 2:4-10

- Gebruik die SOAP beginsel hieronder om jou te help om beter te verstaan hoe spesiaal jy in God se oë is en wat die rede is dat Hy jou gekies het.
- Vergelyk ander Bybelvertalings met jou keuse van vertaling.

Skrif: (Lees die Skrif en skryf die sinne, frases en woorde neer wat vir jou uitstaan.)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word?

Wat het jy interessant gevind omtrent die Skrif? Wat het jy geleer?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Praat met Vader (Gebaseer op jou nadenke oor die gedeelte, praat met God in gebed.)

_____
_____
_____
_____

AANVULLENDE SKRIFVERWYSINGS

Lees ook die volgende Skrifgedeeltes en gebruik elke keer die SOAP-metode. Gebruik jou notaboek vir aantekening oor wat jy uit die Woord van God leer oor ons wat gekies is om die Evangelie te versprei, omdat ons:

- *'n Uitverkore volk is* – Kolossense 3:1-4, 12-14
- *'n Koninkryk van priesters is*- Openbaring 5:9-19 en 20:6
- *'n Heilige nasie is* - Eksodus 19:5-6
- *God se eie besitting is* - Efesiërs 1:11-14
- *Ons geroep word om die wonderlike dade van God te verkondig* - Matteus 28:19-20 en Efesiërs 2:8-9

Bykomende Notas

- Herhalende woorde: Lys of merk woorde of konsepte wat aanhou verskyn.
- Skryf in een of twee sinne 'n opsomming oor die hoofboodskap van week 4.

_____

_____

_____

_____

_____

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkonding van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

1 Petrus 2: 9

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Petrus 2:4-10

Inleidende Opmerkings:

In 1 Petrus 2: 4-10 sien ons dat ons God se uitverkore, heilige en koninklike nasie is. Ons is ook 'n koninkryk van priesters. Dit is verhewe titels wat die kern van ons Christelike identiteit verteenwoordig. Boonop verteenwoordig dit die grond vir 'n heeltemal veranderde lewe en leefstyl. As God se uitverkore volk word ons geroep om te groei in ons verhouding met Hom - om meer en meer van Hom te leer ken. Ons word ook geroep om te groei in ons verhoudings met medegelowiges.

Besprekingsvrae

Lees 1 Petrus 2: 4-5. Petrus gebruik die metafoor van 'n geestelike huis (tempel) en 'n heilige priesterdom om die kerk te beskryf. Wat sê hierdie beskrywings oor jou as Christen en oor die kerk as geheel? Hoe motiveer hulle jou in jou wandel met die Here?

_____

_____

Lees 1 Petrus 2: 6-8. Petrus beskryf Jesus as óf 'n kosbare hoeksteen van 'n geestelike huis óf 'n struikelblok? Beskryf

die tipe persoon wat Jesus op hierdie uiteenlopende maniere sou ervaar?

_____

_____

_____

Lees 1 Petrus 2: 9-10. Petrus gebruik die terme wat gebruik is om die antieke volk van God (Israel) te beskryf, om Christene te beskryf. Hoekom dink jy doen Hy dit?

_____

_____

Hoe pas hierdie korporatiewe beskrywings by hoe jy die kerk en jou betrokkenheid daarby beskou? Watter korporatiewe beskrywing moet die kerk deesdae meer uitbeeld?

_____

_____

_____

Slotopmerkings

Om 'n uitverkore volk te wees, beteken dat God ons afgesonder het om Sy volk te wees, om die wonderlike

dade van God te verkondig. Selfs wanneer ander mense jou minag, teen jou diskrimineer en jou verkeerd behandel, kan jy verseker wees van die status wat jy en jou medegelowiges voor God het. Daarom sien Petrus die kerk as 'n geestelike tuiste, 'n plek wat tot lof van God opstaan in die wêreld.

Sluit in gebed

Week 5

Leef en dink nuut

Geheuevers:

Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.

1 Petrus 2:12

PERSOONLIKE STUDIE

Lees 1 Petrus 2:11-17

- Gebruik die SOAP beginsel hieronder om jou te help om beter te verstaan hoe om as gelowiges te lewe.
- Vergelyk ander Bybelvertalings met jou keuse van vertaling.

Skrif: (Lees die Skrif en skryf die sinne, frases en woorde neer wat vir jou uitstaan.)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Observeer: (Wat neem jy waar oor die gedeelte? Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word?

Wat het jy interessant gevind omtrent die Skrif? Wat het jy geleer?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____

Praat met Vader (Gebaseer op jou nadenke oor die gedeelte, praat met God in gebed.)

_____
_____
_____
_____
_____

AANVULLENDE SKRIFVERWYSINGS

Lees ook die volgende Skrifgedeeltes en gebruik elke keer die SOAP-metode. Gebruik jou notaboek vir aantekening oor wat jy uit die Woord van God geleer het oor hoe gelowiges moet lewe.

Lees hoe om:

- *Jou te weerhou van sondige begeertes:* Romeine 8:5-8, Galasiërs 5:19-21
- *Goeie lewens tussen die heidene te leef:* Matteus 5:16, Efesiërs 2:10, Titus 3:8
- *Jouself aan elke gesag te onderwerp:* Genesis 15:7-10, Romeine 13:1-7, Titus 3:1, 8b
- *Goed te doen:* Psalm 34:15, Spreuke 3:27, 2 Tessalonisense 3:13
- *As vry mense te leef:* 1 Timoteus 2:1-4
- *As dienaars van God te leef:* Psalm 134 en 135:1-2, Jesaja 65:13-14
- *Behoorlike respek aan almal te vertoon:* Filippense 2:3
- *Die broederskap van gelowiges en liefde:* Galasiërs 6:10
- *God te vrees:* Spreuke 24:21
- *Die koning te eer:* Spreuke 24:21, 1 Timoteus 2:1-4

Bykomende Notas

- Hoe dink jy slaag jy om 'n nuwe lewe te lei, in vergelyking met wat die Skrif jou leer? Wat moet verander?

_____
_____
_____
_____
_____
_____

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.

1 Petrus 2:12

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Petrus 2:11-17

Inleidende Opmerkings:

In 1 Petrus, hoofstukke 2 en 3, het Petrus die nuwe lewenswyse vir gelowiges aangespreek. Hierdie nuwe manier van lewe verander alle verhoudings en alle aksies. Huishoudelike kodes het “gedragsinstruksies” geword wat aan verskeie lede van 'n tipiese huishouding gegee is. Dit sluit in advies aan vrouens en mans, slawe en meesters en ouers en kinders. In vandag se studie doen Petrus 'n beroep op die kerk se roeping om nie-Christene te bereik as die motiverende faktor om voort te gaan om hierdie sosiale patrone te handhaaf.

Besprekingsvrae

Lees 1 Petrus 2:11. Petrus beskryf die gelowiges as "vreemdelinge en bywoners". Hoe verander dit jou perspektief van jouself, jou optrede en waar jy woon?

_____

_____

Lees 1 Petrus 2:12. Waarom spoor Petrus Christene aan om “hulle goed te gedra”? Bespreek

_____

_____

_____

Lees 1 Petrus 2:13-15. Wat is volgens Petrus een funksie of rol van die regering? Waarom sê Petrus dat Christene hulle aan menslike regeringsinstellings moet onderwerp (2:15)?

_____

_____

Wanneer is dit vandag gepas en nie gepas vir Christene om hulle aan regeringsinstellings te onderwerp? Kan jy spesifieke voorbeelde gee? Bespreek.

_____

_____

Slotopmerkings

Petrus moedig sy lesers aan om te leer om hulle aan swaarkry te ‘onderwerp” eerder as om dit te vermy. Gelowiges moet leer om 'n onderdanige gees te hê. Nuwe gelowiges moet leer om te onderwerp aan die burgerlike owerhede wat oor hulle aangestel is. Die enigste beperking van hierdie onderwerping kom wanneer die owerhede vir ons sê om iets te doen wat teen die wet van God is.

Sluit in gebed

Week 6

Leef nuut in die werksplek

1 PETRUS

Geheuevers:

Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik.

1 Petrus 2:18

PERSOONLIKE STUDIE

Lees 1 Petrus 2:18-25

Skrif: (Lees die Skrif en skryf die sinne, frases en woorde neer wat vir jou uitstaan.)

_____
_____
_____
_____
_____
_____

Observeer: (Gee noukeurig aandag aan die redes waarom ons moet onderwerp en die beginsels wat genoem word. Oor die karakters, gebeure en aansprake wat gemaak word? Wat het jy interessant gevind omtrent die Skrif? Wat het jy geleer?)

_____
_____
_____
_____

_____
_____
_____

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Praat met Vader (Gebaseer op jou nadenke oor die gedeelte, praat met God in gebed.)

_____
_____
_____
_____
_____

AANVULLENDE SKRIFVERWYSINGS

Lees ook die volgende Skrifgedeeltes en gebruik elke keer die SOAP-metode. Gebruik jou notaboek vir aantekening oor wat jy uit die Woord van God geleer het.

- Titus 2:9-10
- 1 Timoteus 6:1-3
- Kolossense 3:22-25
- Efesiërs 5:6-7
- Spreuke 8:13

Bykomende Notas

Lys en verduidelik die konsepte wat in 1 Petrus 2:18-25 gevind word wat in hierdie skrifverwysings herhaal word.

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik.

1 Petrus 2:18

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Petrus 2:18-25

Inleidende Opmerkings

In hierdie afdeling word “vreemdelinge en bywoners” vertel hoe hulle teenoor hul werkgewers moet optree, veral wanneer hulle aan onredelikheid blootgestel is. Om onderdanig te wees aan 'n gesagsfiguur wat regverdig en wys is, is maklik. Om egter aan 'n onredelike gesagsdraer onderdanig te wees, gaan 'n uitdaging wees. En dit is wat God hier van gelowiges eis.

Let wel, in ons konteks is slawerny nie werklike slawe nie, maar eerder die idee om "slawe in die werkplek" te wees. Fokus dus die bespreking oor die beginsels wat in hierdie week se gedeelte gevind word, daarop.

Besprekingsvrae

Lees 1 Petrus 2:18-25**.** Wat is die hoofredes waarom ons as gehoorsame werkers in die werkplek moet leef?

_____

_____

Lees Spreuke 1:7, 8:13. Definieer in jou eie woorde wat 'n gesonde vrees vir God beteken.

_____

_____

Lees 1 Petrus 2:19-25. Die teks wat Petrus aanhaal is uit Jesaja 53:6-9, die bekende gedeelte oor die lydende Kneg. Lees die Jesaja-gedeelte in konteks en vind al die gemeenskaplike elemente tussen daardie gedeelte en 1 Petrus 2:19-25.

_____
_____
_____

Hoe bemoedig Petrus gelowiges wat moeilike omstandighede in die werkplek ervaar?

_____
_____
_____

Deel met die groep die moeilike omstandighede wat jy dalk in die gesig staar en bespreek praktiese maniere hoe jy op Christus by die werk kan fokus en pas hierdie week se gedeeltes toe.

_____
_____
_____

Slotopmerkings

Petrus gebruik Jesus as 'n voorbeeld van onderdanig wees in die aangesig van onredelikheid en uitdagings.

Petrus spoor ons aan om ons aan ons “meesters” te onderwerp, om te leer om toe te gee en nie aggressief of gegrief teenoor hulle te wees nie, om die voorbeeld van Jesus te volg.

Sluit in gebed

Week 7

Leef nuut in jou huwelik

I PETRUS

Geheuevers:

Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander.

Filippense 2:3-4

PERSOONLIKE STUDIE

Lees 1 Petrus 3:1-7

Skrif: (Lees die Skrif en skryf die sinne, frases en woorde neer wat vir jou uitstaan.)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Observeer: (Let op die verskillende elemente van wat vir God belangrik is omtrent die karakters. Wat het jy interessant gevind omtrent die Skrif? Wat het jy geleer?)

_____
_____
_____

_____
_____
_____
_____
_____

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Praat met Vader (Gebaseer op jou nadenke oor die gedeelte, praat met God in gebed.)

_____
_____
_____
_____
_____

AANVULLENDE SKRIFVERWYSINGS

Lees ook die volgende Skrifgedeeltes en gebruik elke keer die SOAP-metode. Gebruik jou notaboek vir aantekening oor wat jy uit die Woord van God geleer het.

- Genesis 1:26-31
- Genesis 2:15-25
- Efesiërs 5:21-33
- Kolossense 3:18-19

Bykomende Notas

Let op die belangrike gebeurtenisse wat in Genesis 1-2 gevind word, op verskillende datums plaasvind. Bestudeer dan Efesiërs en Kolossense en let op die belangrike opdragte aan die Efesiërs en Kolossense.

_____
_____
_____
_____
_____
_____

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander.

Filippense 2:3-4

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Petrus 3:1-7

Inleidende Opmerkings

Ten tye van Petrus se brief het Christenvroue van onbekeerde mans groot lyding ervaar. (Dit is miskien hoekom Petrus 6 verse aan die Christen vrou opgedra het en net een aan Christen mans.) So 'n moeilike situasie kan groot hartseer veroorsaak. Petrus moedig Christenvroue aan om op hul innerlike skoonheid te fokus, dan sal die uiterlike verandering plaasvind.

Besprekingsvrae

Lees 1 Petrus 3:1-6 en Efesiërs 5:21-24. Petrus doen 'n beroep op vrouens om aan hul mans onderdanig te wees. Waarom is dit ‘n uitdaging vir vrouens om hulle aan hul mans te onderwerp? Watter ander gedrag vereis hy om hierdie uiteindelike doel te bereik?

_____

_____

Lees 1 Petrus 3:7. Identifiseer die drie opdragte vir Christenmans en bespreek wat dit beteken:

_____

_____

_____

_____

Lees Efesiërs 5:21 en Filippense 2:5-9. Wat beteken ware onderwerping van die hart? Wie word geroep om te onderwerp? Hoe het Christus Hom aan Sy Vader onderwerp?

_____

_____

Watter redes gee Petrus en Paulus in onderskeidelik 1 Petrus 3:1-7 en Efesiërs 5:22-24 vir hulle onderdanigheid?

_____

_____

Lees Efesiërs 5:21, 25-30, Kolossense 3:19, 1 Petrus 3:7 en 1 Korintiërs 13:4-5. Wat is die rol van die man in die huwelik?

_____

_____

Lees Efesiërs 5:19, 1 Korintiërs 13:4-7 en Filippense 1:1-8. Bespreek wat jy dink mans en vrouens en toekomstige mans en vrouens kan doen om die huwelik vir hul gades/toekomstige gades makliker en aangenamer te maak?

_____

_____

Wie is die “hoof van die huis”? Wat was die manier waarop Jesus Sy gesag (Hoofskap) uitgeoefen het? Verwys na Efesiërs 5:21(b), Matteus 20:28 en 1 Petrus 2:23.

_____

_____

Slotopmerkings

Jy moet verstandig saam met jou huweliksmaat leef. Dit beteken dat jy bepaal hoe God wil hê jou verhouding moet wees en dan daardie riglyne prakties in jou lewe toepas. Jy laat nie jou gedrag bepaal deur jou maat, jou gevoelens of die samelewing nie, maar deur wat God vereis en die voorbeeld wat Jesus gestel het.

Sluit in gebed

Week 8

Leef nuut te midde van swaarkry

Geheuevers:

Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry.

1 Petrus 3:8-9

PERSOONLIKE STUDIE

Lees 1 Petrus 3:8-12

Skrif: (Lees die Skrif en skryf die sinne, frases en woorde neer wat vir jou uitstaan.)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Observeer: (Let op die verskillende elemente van wat vir God belangrik is omtrent die karakters. Wat het jy interessant gevind omtrent die Skrif? Wat het jy geleer?)

_____
_____
_____

_____
_____
_____
_____
_____

Aksie: (Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Praat met Vader (Gebaseer op jou nadenke oor die gedeelte, praat met God in gebed.)

_____
_____
_____
_____

_____

AANVULLENDE SKRIFVERWYSINGS

Lees ook die volgende Skrifgedeeltes en gebruik elke keer die SOAP-metode. Gebruik jou notaboek vir aantekening oor wat jy uit die Woord van God geleer het.

- Psalm 34:12-21
- Lukas 6:27-36
- Romeine 12:14-21
- Romeine 14:19
- Romeine 15:5-6

Bykomende Notas

Skryf in een of twee sinne 'n opsomming oor die hoofboodskap van week 8.

_____
_____
_____
_____
_____
_____

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry.

1 Petrus 3:8-9

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Petrus 3:8-12

Inleidende Opmerkings

Hierdie gedeelte dui die einde aan van Petrus se aanmoediging vir gelowiges om op alle terreine van die lewe aan God te onderwerp en gaan dan oor na 'n verduideliking van die lyding wat Christene in hierdie wêreld sal ondervind. Verse 8-12 help hierdie oorgang deur hierdie twee onderwerpe te koppel. Dit betoog dat 'n Christen se hantering van lyding bepaal moet word deur dieselfde waardesisteem waarmee hulle alle lewensterreine wat vroeër na verwys is moet hanteer: onderwerping aan God se lewenswyse en vertroue op Hom ten spyte van die moeilikhede, onsekerhede en pyn.

Besprekingsvrae

Lees 1 Petrus 3:8. Lys die vyf gesindhede of gedragspatrone wat in vers 8 gevind word. Watter een is vir jou die moeilikste? Met watter een het jy die meeste hulp nodig? Verduidelik.

_____

_____

_____
_____
_____
_____
_____

Van hierdie vyf gesindhede of gedragspatrone, watter een is vandag die nodigste in jou kerk? Verduidelik hoekom?

_____
_____
_____
_____

Lees 1 Petrus 3:9. Watter edele gedrag vereis Petrus van almal? Vind jy dit maklik om mense tot 'n seën te wees in plaas daarvan om met ‘n bose gesindheid re reageer of mense te beledig? Bespreek.

_____
_____

Hoe weet jy wanneer jy belediging en boosheid moet verduur soos hierdie gedeelte suggereer en wanneer jy jouself moet verdedig? Bespreek.

_____
_____

Lees 1 Petrus 3:10-12 en Psalm 34:13-17. Lys drie dinge wat ons moet doen om “’n lang lewe te geniet”.

_____

_____

_____

_____

Slotopmerkings

Mense beskou vrede dikwels bloot as die afwesigheid van konflik en dink daarom dat jy passief moet wees as jy vrede wil maak of bewerkstellig. ’n Effektiewe vredemaker is egter iemand wat aktief vrede nastreef – deur hard te werk aan goeie verhoudings. Wanneer konflik wel opduik, doen hulle hul bes om op 'n eerlike en opregte wyse oplossings te vind voordat die probleem te groot word.

Om ‘die goeie lewe’ te leef en jou aan God se weë te onderwerp, moet jy van die bose weë van die wêreld wegdraai, doelbewus poog om te doen en te sê wat goed is, en dit met suiwer bedoelings doen; en opreg streef daarna om God in alles te verheerlik.

Sluit in gebed

Leef Nuut!

NUWE LEWE KOM VAN GOD

Leef soos God wil hê

Week 9

Geheuevers:

Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie. In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om ‘n antwoord te gee aan elkeen wat van julle ‘n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.

1 Petrus 3:14b-15

PERSOONLIKE STUDIE

Lees 1 Petrus 3:13-22

Skrif: (Lees die Skrif en skryf die sinne, frases en woorde neer wat vir jou uitstaan.)

_____
_____
_____
_____
_____
_____

Observeer: (Let op die verskillende elemente van wat vir God belangrik is omtrent die karakters. Wat het jy interessant gevind omtrent die Skrif? Wat het jy geleer?)

_____
_____
_____
_____
_____

_____
_____
_____

Aksie: Hoe kan jy hierdie gedeelte op jou lewe toepas? Watter uitdagings of aanmoedigings het dit om te bied?)

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Praat met Vader (Gebaseer op jou nadenke oor die gedeelte, praat met God in gebed.)

_____
_____
_____
_____
_____

AANVULLENDE SKRIFVERWYSINGS

Lees ook die volgende Skrifgedeeltes en gebruik elke keer die SOAP-metode. Gebruik jou notaboek vir aantekening oor wat jy uit die Woord van God geleer het.

- Jesaja 8:12-13
- Matteus 11:2-6
- Johannes 15:18-21
- 1 Petrus 4:12-19

Bykomende Notas

Skryf in een of twee sinne 'n opsomming oor die hoofboodskap van week 9.

_____
_____
_____
_____
_____
_____

GROEPBESPREKING

Gebed

Geheuevers:

Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie. In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.

1 Petrus 3:14b-15

Terugblik:

Deel met die groeplede hoe God gedurende die week in jou lewe gewerk het.

Skriflesing:

1 Petrus 3:13-22

Inleidende Opmerkings

Petrus se brief is bedoel om God se mense te bemoedig te midde van die beproewinge wat hulle ervaar. Maar aan die begin van 1 Petrus 3:13, word die onderwerp meer dringend. Baie van die "lyding" waarvan in die brief gepraat word, het te make met Christene wat as buitestanders in 'n hoofstroom, sekulêre samelewing leef. Met ander woorde, die manier waarop Christene vandag leef.

Daarom, in plaas daarvan om te praat oor vervolging deur die staat (om vir die leeus gegooi te word), het die soort lyding wat in 1 Petrus genoem word, meer te doen met sosiale marginalisering, bespotting, laster en 'n druk om te voldoen aan die heidense standaarde van die dag . Dit is belangrik om in gedagte te hou sodat ons nie kyk na die "lyding" wat in 1 Petrus uitgebeeld word as dit wat ontstaan deur siekte, lewensverlies, fisiese mishandeling, ens. nie. Dit gaan oor lyding as gevolg van hoe jou geloof jou leefstyl bepaal.

Besprekingsvrae

Lees 1 Petrus 3:14 en 17. Wat beteken dit om te “ly ter wille van geregtigheid”? Wat is die beloning as jy dit doen?

_____

Waarom waarsku Petrus ons in vers 14 om nie geïntimideer of ontsteld te word nie?

_____

_____

Hoe reageer jy op die feit dat lyding soms deel van God se wil is? Beskou jy jouself as "geseënd" wanneer jy ly omdat jy goed doen?

_____

_____

Lees 1 Petrus 3:15. Wat sal jy vir iemand sê wat jou vra om rekenskap te gee van die hoop wat in jou is? Bespreek.

_____

_____

_____

Is jy al ooit belaster of is jy al ooit uitgeskel vir die manier waarop jy optree? Verduidelik. Wat was jou reaksie?

_____

_____

_____

_____

Slotopmerkings

Petrus skryf hierdie woorde om almal te bemoedig wat vir Christus ly. Hy herinner ons aan wat Christus geleer het, en meer nog, die waardes waarvolgens Hy in Sy tyd op aarde geleef het. In daardie trant behoort ons uiteindelike fokus as Christene nooit te wees 'hoeveel ons vir Christus ly' of 'hoeveel mense ons red vir Christus' nie, maar eerder hoe Christus ons verander en ons onvolmaakte lewens gebruik om Sy storie te vertel en mense na Hom en Sy groot liefde vir hulle, te wys.

Ons moet God vertrou en Sy oproep tot nederigheid gehoorsaam, maar ons moet ons ook nie ‘skaam oor die Evangelie’ nie maar bereid wees om dit met enige iemand te deel. As die Evangelie werklik besig is om ons lewens te verander, sal dit op so 'n outentieke en tasbare manier uit ons skyn dat mense daarvan sal wil weet – en dan kan ons met vertroue, vrede en vreugde daaroor praat.

Sluit in gebed

GEHEUEVERSE

WEEK 1:

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood, Nou het ons ‘n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.
1 Petrus 1:3-4

WEEK 2:

Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: “Wees heilig, want Ek is Heilig.”
1 Peter 1:15-16

WEEK 3:

Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry. Julle het immers ondervind dat die Here goed is.
1 Petrus 2:2-3

WEEK 4:

Julle, daarenteen, is ‘n uitverkore volk, ‘n koninklike priesterdom, ‘n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkonding van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

1 Petrus 2: 9

WEEK 5:

Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.

1 Petrus 2:12

WEEK 6:

Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik.

1 Petrus 2:18

WEEK 7:

Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander.

Filippense 2:3-4

WEEK 8:

Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met ‘n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry.

1 Petrus 3:8-9

WEEK 9:

Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie. In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om ‘n antwoord te gee aan elkeen wat van julle ‘n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.

1 Petrus 3:14b-15

BRONNE

Kelly JND. A Commentary on the Epistles of Peter and Jude, Adam & Charles Black, London, 1977

Pawson, David. Unlocking the Bible, HarperCollins Publishers, London, 2015

Dreyer, PS. Die wankelende Rots, HAUM Drukkers, 1977.

Smith, Jeff. A living hope … a sure salvation. 2002

Smit, Dirkie. Hoop in lewe en lyding, Lux Verbi, Kaapstad, 1988.

https://biblestudyblueprint.com/1-peter-bible-study/

https://www.whatchristianswanttoknow.com/1-peter-2-bible-study-and-questions/

https://studyandobey.com/inductive-bible-study/1peter-studies/1peter2-1-12/

https://ttb.org/resources/study-guides/1-peter-study-guide

2022

104